

Die hiërargiese funksionering van God, mans en vroue in die brief aan die Efesiërs

L Nortjé-Meyer

(Randse Afrikaanse Universiteit)

ABSTRACT

The hierarchical functioning of God, men and women in the Letter to the Ephesians

Since the fourth century before the Christian era has the household been considered as the most basic unit of society. Furthermore, this micro cosmos is reflecting the pyramidal structure of the whole society (meso cosmos) and even the universe (macro cosmos). In this article I point out how the author of the letter to the Ephesians uses this idea to portray the hierarchical functioning of God the Father of fathers in the universe. The Christian community is portrayed as a reflection of this hierarchy and therefore the household should also reflect this order. The best way of maintaining the power in society, namely the Christian community, is to make sure that the head of the household, namely the man/father/boss holds to his rightful place as head of his wife and household. The author advises women to submit to their husbands and therefore they should meet the cultural requirements of the public order rather than to live up to the Christian principles of faith.

1 OUTEURSKAP EN PSEUDONIMITEIT

In Efesiërs 1:1 word die apostel Paulus duidelik aangedui as die skrywer van die brief. Dit is ook die rede waarom die vroeë Kerk hierdie brief as gesaghebbend aanvaar en in die versameling van Bybelse literatuur ingesluit het. Deur die eeue het die Kerk dan ook die inhoud van die brief as die goddelik-geïnspireerde spreke van Paulus verkondig. Tog bestaan daar twyfel of Paulus die werklike outeur van die brief is. Belangrike literêre en teologiese aspekte verskil van die egte briewe van Paulus (Romeine, 1 & 2 Korintiërs, Galasiërs, Filippense, 1 Tessaloniense & Filémon) (vgl Roberts 1984:119-124). Die brief het waarskynlik later as die egte briewe van Paulus, maar voor die Pastorale briewe ontstaan (vgl Elliott 1994:25ev).

In hierdie artikel word daar nie verder op hierdie saak ingegaan nie en word aanvaar dat die outeur nie Paulus is nie, maar anoniem. Vergelyk Syreeni (2002:4-6) wat 'n uitgebreide bespreking van die saak gee.

2 DENKMODEL VAN DIE OUTEUR VAN EFESIËRS

Reeds sedert die vierde eeu vC word die huishouding gesien as die basiese eenheid van die samelewing. Aristoteles het reeds gesê die kleinste en primêre dele van die huishouding is die verhouding baas en slaaf, man en vrou, vader en kind (Politics I.1253b). Hierdie mikrokosmos reflekteer die piramiede struktuur van 'n hele samelewing (mesokosmos) en selfs van die heelal (makrokosmos). Teen die 1ste eeu nC het Joodse en Grieks-Romeinse etici reëls vir elke lid van die huishouding neergelê. Van die hoof van die huishouding was verwag om al drie superieure rolle te vervul: baas, eggenoot en vader. Daar is ook reëls neergelê vir die optrede van die ander lede van die gesin (vgl Osiek & Balch 1997:54-64). Indien die eggenoot/baas/vader sy huis behoorlik kontroleer en bestuur en indien die regerende owerhede ook op hierdie wyse hulle verpligtinge nakom, sal die menslike lewe die harmonie reflekteer wat die gode/God wat die heelal regeer bedoel het. Die onderwerp was gedurende die eerste eeu nC so belangrik dat al die belangrike filosowe die saak bespreek het. Ook belangrike Joodse skrywers van die periode se sienings van familieverhoudings en verpligtinge is deur die Grieks-Romeinse moraliteit beïnvloed. Veral in die konteks van die interpretasie van die skeppingsverhaal en vyfde gebod.

2.1 Die huishoudelike kodes in Efesiërs 5:21-6:9 moet verstaan word teen die agtergrond van die denkstruktuur van die skrywer en die kulturele waardes wat hy daarmee wil oordra. Volgens hierdie denke funksioneer die huishouding, die samelewing en die heelal volgens 'n piramiede of hiërargiese struktuur. Die skrywer begin by die oppergesag van die hiërargie, naamlik God. Daarom word die funksionering van die **makrokosmos** eerste voorgehou. Dit word voorgestel as die hemel en die woonplek (2:22) van God die Vader, die Seun, die Gees en ander hemelse wesens. Aan die hoof van hierdie woning staan God as Vader. God is die vader van alle vaders. Alle wesens op die aarde en in die hemel het hulle bestaan aan Hom te danke. “Daar is net één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon” (4:6). Sy absolute soewereiniteit word geïllustreer deur sy mag en krag wat Hy in die hemel en op die aarde uitoefen (Wendland 1999:199-223). Hy het alles geskape (3:9), Hy besluit en beskik oor alles en almal (1:4), Hy deel genade en seëninge uit (1:3-6), Hy is barmhartig, maak lewend, beskerm en bewerk verlossing. Die belangrikste dryfveer agter God se optrede is sy innige of grote liefde vir die gelowiges (2:4, 5:1). Daarom moet God die Vader altyd oor alles gedank word (5:20).

God die Vader het ook sy seun, Jesus Christus as helper. Weer eens word die absolute soewereiniteit van Christus in geen onsekere terme uitgespel. God het Hom opgewek en laat sit aan sy regterhand in

die hemele. Hy het Hom as Hoof aangestel oor alle magte en enige vorm van gesag in die hemel en op die aarde. God het Christus bo alles as die Hoof van die gemeente (Kerk) aangestel. Die Heilige Gees is die krag wat alles in die hemel en op die aarde tot uitvoering bring. Diverse vorms van demoniese wesens maak ook deel uit van die makrokosmos. Hulle is navolgers van die leierskap van Satan (2:2). Maar hulle is onderwerp en ondergeskik aan die mag en heerskappy van God en Christus. Wanneer bogenoemde uiteensetting van die funksionering van die makrokosmos bekyk word, is dit duidelik dat God as Vader volle kontrole oor alles en almal in die heelal het. Omdat Hy in beheer is, is daar orde en harmonie.

2.2 Die mesokosmos, wat in Efesiërs die christelike gemeenskap uitmaak, is 'n geestelike weerspieëling van die makrokosmos. Daarom behoort die gemeenskap ook die orde en harmonie van die makrokosmos te weerspieël. Die soewereine hoof van die mesokosmos is Christus. As seun verteenwoordig Hy die mag en heerlikheid van die Vader. Deur Hom verlos God, vergewe oortredinge, skenk genade en maak sy wil bekend (1:7) aan die gemeenskap. Christus het apostels, profete, evangeliste, herders en leraar aangestel om Hom by te staan in die opbou van en orde in die gemeenskap en om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk.

Die universele aard van die gemeenskap is ook 'n weerspieëling van die makrokosmos. Die gemeenskap is saamgestel uit Jode en heidene wat deel geword het van die volk van God (2:12 - wat die meso-kosmos is). Daarvolgens vorm Jood en heiden een groot geheel en is daar geen onderskeid tussen hulle meer nie. Hierdie universele gemeenskap moet dus ook die ordelikheid en harmonie van die makrokosmos weerspieël. Die paranese of vermanings in 4:25-5:21 is juis aanbevelings oor hoe die ordelike verhoudings binne die gemeenskap moet funksioneer. Omdat die gemeenskap die kinders van God is, moet hulle sy voorbeeld volg (5:1-2). Die belangrikste kenmerk van die daad van God en Christus en hulle verhouding met die gemeenskap is hulle liefde vir die gemeenskap. Daarom moet die gemeenskap soos Christus in liefde lewe (vgl Syreeni 2002). Hierdie liefdesgebod is die samevatting van al die wette en is die grondbeginsel van die christelike geloof soos opgesom in Markus 12:29-31.

Die eenheid van die gemeenskap word voorgestel as 'n nuwe mensheid. Die metafoor wat gebruik word is die van 'n liggaam wat moet groei "in alles" tot 'n **volgroeide man**, tot die volle grootte van Christus (3:6, 4:4,12-16). Die "in alles tot volle grootte" van Christus in die konteks beteken, tot die volle gesag, mag en liefde van Christus as hoof van die Kerk.

Vroue word geheel en al uit die funksionering van die christelike gemeenskap gelaat. Die ampte wat die nuwe mensheid moet opbou, sluit vroue nie in nie (vgl Thurston 1998:138). Daar mag wel vroue as profete en evangeliste opgetree het, maar die vergelyking in Efesiërs dat die liggaam moet groei tot die volle grootte en volwassenheid van 'n man, sluit vroue uit. In die Pastorale Briewe word dit veronderstel dat vroue wel 'n ministeriële funksie vervul, maar in Efesiërs word die opdragte aan vroue gegee net ten opsigte van hulle mans en nie ten opsigte van die gemeenskap nie.

Die mesokosmos word ook bedreig deur dieselfde bese magte van die makrokosmos. Die gelowiges was self vroeër onder die mag van die duistere magte en het geleef soos navolgers van die bese (4:17-19, 5:7). Die gemeente word aangeraai om nie die morele waardes van hulle heidense lewe voort te sit nie want dit bedreig die eenheid en orde in die gemeente.

2.3 Die mikrokosmos of christelike huishouding is die derde piramide of hiërargiese struktuur wat in Efesiërs voorgehou word. Dit is die geestelike weerspieëling van die mesokosmos, naamlik die christelike gemeente. Volgens die Romeinse publieke orde staan die man aan die hoof van die huishouding. Hy oefen gesag uit oor die ander lede van die huishouding, naamlik sy vrou, kinders en slawe. Hy versorg en beskerm hulle en in ruil verwag hy diens, eer, gehoorsaamheid en onderdanigheid. Die huishoudelike kodes in Efesiërs 5:22-6:9 verwys na al drie tradisionele pare van verhoudings in die huishouding, man/vrou (5:22-33), pa/kind (6:1-4), baas/slaaf (6:5-9), maar konsentreer hoofsaaklik op die huweliksverhouding en vergelyk dit met die verhouding tussen Christus en die Kerk (Johnson 1998:430). Soos Christus is die man die hoof van die huishouding en daarom ook met die gesag en mag van Christus bekleed. Hanson & Oakman ondersteun ook hierdie gedagte wanneer hulle sê dat "...the father is the sole creative force in childbirth, and the monotheistic God as creator and father is ideologically connected with this monogenetic view of birth, are reflected in Old Testament and New Testament passages" (1998:30). Dit beteken dat die man nie net sosiaal-kulturele gesag het nie, maar ook geestelik-godsdienstige mag en gesag.

Die huishoudelike kodes in Efesiërs (en die res van die NT) is 'n voorbeeld van 'n baie wyer religieuse en sosiologiese verskynsel. In die Nuwe Testament word dit geplaas teen die agtergrond van die christelike geloof en etiek (Kreitzer 1997:162). In Efesiërs word die instruksies van die verhouding tussen man en vrou vergelyk met die verhouding tussen Christus en die Kerk. Die huishoudelike kodes volg soos in 1 Korintiërs 11, Romeine 13, Kolossense 3, Hebreërs 13, Jakobus 1 en 1 Petrus 2 na

‘n bespreking oor aanbidding. Dit plaas die bevel van onderdanigheid onder swaar teologiese en kerklike gesag (Thurston 1998:38).

Efesiërs 5:21 “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig” blyk problematies te wees aangesien verskillende vertalings die vers by verskillende perikope indeel (vgl NIV, NRSV en NAV). Feministiese interpretasie meen dat die vers nie as maatstaf kan dien vir die interpretasie van die bespreking van die verhouding tussen man en vrou nie aangesien die bevel van onderdanigheid in die res van die perikoop net op die vrou van toepassing is. Vers 21 se openingsfrase bestaan uit ‘n partisipium frase wat volg na vier ander partisipiems wat in Efesiërs 5:19-20 gevind word en wat betrekking het op die kerklike lewe in die algemeen en nie op die verhouding tussen man en vrou nie. “*Hypotassomenoi* is a masculine principle and thus strictly speaking cannot have only women in mind” (Kreitzler 1997:164) Daarom kan dit des te meer eerder gesien word as ‘n bevel vir die gemeente (5:19-20)(vgl Perkins 1997:125-126). Dit is ook onwaarskynlik dat binne die patriargale struktuur van die gemeente die mans enige vorm van bevel sou ontvang om aan hulle vroue onderdanig te wees, maar wel aan mekaar onderdanig. Dit sou die christelike etiek weerspieël.

Die vergelyking van die verhouding tussen man en vrou met Christus en die Kerk is die mees merkwaardige uitbeeldings van hierdie lys van huishoudelike verantwoordelikhede. Wat problematies is met die vergelyking en die huishoudelike kodes is dat aan die man die geestelike waardes van die christelike gemeente voorgehou word, maar vir die vrou geld die kultuurwaardes van die tyd. Feministiese interpretasie vind egter versteurings in die beeldspraak wat die outeur gebruik (vgl Johnson 1998:430-431).

2.3.1 Die uitbeelding van God se verhouding met Israel in terme van ‘n huwelik, word reeds uitvoerig in die boek Hosea gedoen. Die metafoer in Hosea gebruik die huwelik om God se getrouheid aan Israel ten spyte van Israel se ontrouheid uit te beeld. God se getrouheid staan sentraal in die profetiese metafoer. In Efesiërs word dieselfde metafoer gebruik maar die skrywer verander dit na ‘n instruksie van hoe dit in die werklikheid behoort te lyk. Dit beteken dat ‘n godsdienstige en etiese beginsel in ‘n kulturele en morele waarde verander word. Die skrywer van Efesiërs draai die rigting van die vergelyking om deur die verhouding van Christus met die Kerk te illustreer met voorskrifte oor hoe mans se verhouding met hulle vroue en vroue met hulle mans moet wees. Getrouheid is nie hier ter sprake nie, maar wel liefde en by implikasie liggaamlike liefde, opvoeding, ondergeskiktheid en respek kom aan die orde. Hierdie sake is veel meer bekend in heidense en Joodse filosofiese kommentaar op goeie huisbestuur as komende van Israel se godsdienst-

tige belewenis van God. En omdat die metafoor verander is in 'n beskrywing van die kulturele werklikheid, het dit aanleiding gegee tot geweldige misbruik in die Kerk deur die eeue.

Om Christus se verhouding met die Kerk as 'n menslike huwelik uit te beeld is op sigself problematies. Selfs die skrywer kon nie konsekwent met sy vergelyking volhard sonder om die grense van die vergelyking te oorskry nie. Die skrywer oorskry die grense van die vergelyking wanneer hy sê dat mans hulle vroue moet liefhê soos Christus die Kerk liefgehad het **en vir haar gesterf het** (5:25,28). Hier val die vergelyking plat aangesien mans tog nie vir hulle vroue sterf nie. Christus het ook nie sy eie liggaam liefgehad nie maar het homself vrywillig opgegee vir die Kerk. Mans word 'n verontrustende **selfdienende** motivering gegee om hulle vroue lief te hê, ten spyte daarvan dat die outeur self sê dat die liefde van Christus **selfgewend** (5:28) en nie **selfliefde** (5:25) is nie (Johnson 1998:431).

2.3.2 In Efesiërs 5:23 is die beeldspraak ook gemotiveer deur kultuurwaardes eerder as godsdienstige beginsels. Die parallel word tussen Christus as die hoof van die Kerk en die man as hoof van die vrou getrek. Christus is die hoof van die Kerk (die liggaam) omdat Hy die verlosser van die liggaam (die Kerk) is. Hierdie rol kan menslike mans nie ter wille van hulle vroue aanneem nie en daarom kan hulle nie die hoof van die vrou wees soos Christus die hoof van die Kerk is nie, omdat Christus sy "Hoofskap" verwerf het deur sy dood en opstanding (1:19-23).

2.3.3 In Efesiërs 5:32 sê die outeur dat die huwelik 'n "geheimenis" is net soos die insluiting van die heidene by die Kerk 'n geheimenis is (3:4). In Efesiërs word die verskil tussen Jood en heiden opgehef en saam gesmee tot die eenheid van 'n nuwe "mensheid" van die Kerk (2:11-22) oor wie Christus die hoof is (1:22; 4:15). In hierdie nuwe mensheid is daar geen onderskeid tussen Jood en heiden nie. In die huwelik, ten spyte daarvan dat die man en vrou een vlees word (5:31), word die onderskeid ten opsigte van hulle onderskeie rolle steeds gehandhaaf. Die rede hier is weer eens dat die skrywer aan die man christelike etiese beginsels voorhou maar wanneer die man se verhouding met die vrou ter sprake kom, spring hy terug op kultuurwaardes.

Die veronderstelde christelike beginsel wat hier ter sprake is, is die tradisionele doopformule van Galasiërs 3:28 waar die etniese, ekonomiese en gendergrense van die antieke samelewing en christelike gemeenskap opgehef word. Paulus is van mening dat die doop die grense wat tussen mense opgerig word vernietig (Gal 3:27). Waarde beoordeling wat gebaseer is op etniese oorsprong (Jood/Griek), ekonomiese status (slaaf/vry) of gender (manlik/vroulik) hoort nie meer in die christelike

gemeenskap voor te kom nie (Thurston 1998:37). Die inisiasierite wat hierdie grense onderhou en verseker het, is die besnydenis. Daarteenoor neem Paulus in Galasiërs sterk standpunt in omdat die besnydenis vroue en heidene uit die gemeenskap van God gehou het. In Efesiërs word die onderskeid tussen Jood en heiden opgehef, maar nie tussen man en vrou nie. Die outeur van Efesiërs handhaaf die ondergeskikte posisie van die vrou omdat hy beklemtoon dat die vrou “in alles” aan hulle mans onderdanig moet wees (5:24). Die algemene vermaning wat die gedeelte inlei (5:21) “wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig” kan nie as maatstaf dien vir die beoordeling van die verhouding tussen man en vrou nie, aangesien slegs aan die vrou gesê word dat sy “in alles” aan haar man onderdanig moet wees. Ook die slawe se onderdanige houding ten opsigte van die huisheer word gehandhaaf. Hulle bly in ‘n ondergeskikte en dienende posisie. Hier is geen sprake van Paulus se toegewendheid dat gelowige eenaars hulle gelowige slawe behoort vry te stel nie (vgl Filémon). Weer eens weeg kultuurwaardes by die skrywer sterker as godsdienstige beginsels.

2.3.4 Die vergelyking van die eenheid van die Kerk met die eenheid van ‘n menslike huwelik is nog ‘n beeld in Efesiërs wat platval onder die druk van sosiale ongelykheid. Ten spyte daarvan dat die outeur dit goed vind dat die godsdienstige ideaal van die gelykheid tussen Jood en heiden ‘n werklikheid in die christelike gemeenskap geword het, is sy aanbevelings ‘n waarborg dat die gelykheid tussen mans en vroue en eenaars en slawe slegs ‘n godsdienstige ideaal bly eerder as wat dit ‘n kenmerk van die christelike huishouding is.

2.3.5 Die outeur van Efesiërs vind in die konvensionele patriargale huishoudelike struktuur ‘n refleksie van die eenheid en harmonie van die heelal wat deur God in Christus tot stand gebring is. Hy doen ‘n beroep op die Kerk om ordentlik te lewe in die lig van hierdie verlore kosmiese realiteit. Dit kan die duidelikste gesien word in die feit dat die outeur die **instelling** van die huwelik op die skeppingsverhaal (Gen 2:24) gegrond het en nie in die sosiale orde nie alhoewel hy tog die sosiale orde as model gebruik. Efesiërs is daarop ingestel dat die Kerk getrou die skepping weerspieël en dat die huishouding die Kerk weerspieël. Omdat vroue geheel en al uit die funksionering van die christelike gemeenskap gelaat en aan hulle die kulturele ondergeskikte posisie in die huishouding voorgehou word, kan die huishouding nie ‘n ware weerspieëling van die christelike gemeenskap en die gemeenskap van die heelal wees nie. In die lig hiervan gaan die eenheid van die gemeenskap waarop die skrywer so sterk klem lê, verlore (4:4-6).

2.3.6 ‘n Saak wat baie belangrik is vir die beoordeling van die vrou se plek in Efesiërs se kosmiese struktuur is die begrip “heilige” of “heili-

ges". In Efesiërs 1:4 gee die skrywer self die verklaring daarvoor, naamlik "sonder gebrek". "Sonder gebrek" verwys na die liggaamlike ongeskondenheid van die hoëpriester en diere offers in Israel se kultus. In Efesiërs is daar veral twee verwysing vir ons belang. Ons het reeds daarop gewys dat die skrywer die begrip "geheimenis" gebruik om die insluiting van die heidene by die volk van God asook die huweliksverhouding tussen man en vrou te beskryf. Weer eens vind ons in die begrip "heilig/heiligens" 'n analogie tussen die heidene en die verhouding tussen man en vrou. Eerstens word aan die heidene gesê dat hulle nie meer vreemdelinge is nie, maar medeburgers van die heiligens en deel van die huisgesin van God (2:19). Tweedens word in 5:23 die metafoor van die liggaam gebruik om die verhouding van Christus met die Kerk uit te druk. Hierdie liggaam moes egter gereinig word deur die waterbad, naamlik die doop om sonder vlek of rimpel, of iets dergeliks, en sonder gebrek te wees. Die heiligingsproses, wat eintlik 'n reinigingsproses is, blyk net van toepassing te wees op die vrou omdat sy met die liggaam van die man vergelyk word en die man met Christus.

Die motivering wat die skrywer in Efesiërs 5:31 gee is 'n seksuele motivering vir die liefde van die man vir sy liggaam, naamlik sy vrou. Dit is slegs vir 'n seksuele rede waarom 'n man sy vrou aankleef en met haar een vlees word (Gen 2:24). Indien ons die vrugbaarheidskultusse van die omgewing, en die assosiasie van die vroulike liggaam as meestal onrein in ag neem, kan die skrywer se instruksie vir die vrou weer eens as sosiaal-kultuur gemotiveerd gesien word. Dit is 'n verdere onderstreping van die dubbele vereistes wat die skrywer aan die mans en die vroue in die gemeente voorhou.

3 REDE VIR DENKMODEL

Die rede waarom die outeur weer die patriargale strukture wil herstel kom nie in die brief aan die orde nie. Die eerste generasie Christene het 'n baie meer gelyke en vrye interaksie gehad soos blyk uit die vroeë briewe van Paulus. Paulus self was 'n voorstander van meer vryheid aan vroue en slawe (Gal 3:28) en hyself het voorkeur aan die selibaat gegee (1 Kor 7). Die onbeholpe vergelyking van menslike mans met Christus verrai 'n doelbewuste verandering van die oorgelewerde tradisie. Deur die belange van die vroue in die gemeente ondergeskik te stel aan die beeld van die Kerk in die publieke oog, dui daarop dat die outeur meer uit vrees vir 'n slegte reputasie onder die heidene (vgl 1 Pet) as uit geloof opgetree het. Indien dit die geval is, dan is die rede waarom die outeur bereid is om Paulus se siening oor menslike verhoudings te weerspreek - en nie net te herinterpreteer nie - aangevuur deur 'n gevoel van bedreiging.

Aan die begin het ons gesê dat die brief waarskynlik vir 'n wyer area bedoel is as net die gemeente in Efese. Dit is waarskynlik teen die agtergrond van die godsdienstige milieu van die gebied wat ons die rede vir die herinstelling van die patriargale strukture in die christelike gemeente en huishouding vind. Perkins (1997:27-32) gee 'n kort bespreking van die verskillende standpunte ten opsigte van die konteks waarvoor die brief aan die Efesiërs moontlik bedoel is. Dit blyk uit die ontleding soos hierbo uiteengesit dat die brief eerder uit reaksie op die invloed van heidense godsdienste op die christelike Kerk ontstaan het as teen Gnostiese mitologië, Gnostiese dualisme of 'n Joods-heidense konflik.

3.1 Die stad Efese as agtergrond

Efese was die belangrikste hawestad in die Romeinse provinsie Asië. Dit was 'n pragtige en indrukwekkende stad. 'n Manjifieke pad van 76 meters wyd en gesoom met pilare het regdeur die stad tot by die hawe geloop. Volgens Joséfus (Ant. 14:10,12,23 vgl Whiston 1981) was daar groot welvarende Joodse gemeenskappe wat sedert vorige heerskappe daar gewoon het. In die omliggende gebiede was daar ook invloedryke Joodse vroue wat genoeg besittings gehad het sodat hulle sinagoges uit hulle eie fondse kon bou, eie slawe kon hê en hulle kon vrylaat asook leidende ampte in die sinagoge kon verrig. 'n Grafsteeninskripsie in Smirna verwys na Rufina, die president van die sinagoge wat verantwoordelik was vir die behoorlike uitvoering van die sinagogale dienste, insameling van geld, asook preke en onderrig (vgl Brooten 1982; Schüssler-Fiorenza 1983:249-250).

Die christelike geloof in die stad is waarskynlik gevestig deur Priscilla en Akwilla wat deur Paulus in die stad agtergelaat is in ongeveer 52 nC (Hd 18:18,19). Priscilla word nog altyd beskou as die leidende persoon in die stigting van onafhanklike huisgemeentes in Korinte (Hd 18:1-2; 1 Kor 16:19), Rome (Rm 16:4) en Efese (Hd 18:26; 2 Tm 4:19). Dit sê vir ons reeds dat haar invloed in die vroeë Kerk wyd gestrek het en dit word bevestig deur Romeine 16:4. Priscilla was wel 'n medewerker van Paulus maar het onafhanklik van hom gewerk en het nie onder sy gesag gestaan nie. Daar word selfs gespekuleer dat sy die skrywer van die brief aan die Hebreërs is.

Maar dit is Efese as die stad van Artemis (of Diana Lt.) wat ons belangstelling wek. Artemis was die tweelingsuster van Apollo. Sy is vereer as die godin van jag en die maan. Hulle is gebore op die Griekse eiland Delos en volgens legende het die pyn wat haar moeder tydens haar geboorte ervaar het aan haar 'n afkeer aan die huwelik gegee. Daarom staan sy bekend as die ewige maagdelike godin. Die tempel van Artemis in Efese was beskou as een van die sewe wonders van die

wêreld en was vier keer die grote van die Parthenon in Atene. Daar is beweer dat haar beeld uit die hemel geval het en dat dit voor die ingang van die tempel gelê het (vgl Hd 19:35). Geleerdes meen dat dit waarskynlik 'n meteoriet is wat uit die lug geval het. Die kultus van Artemis is die resultaat van die vermenging van 'n hele paar ander kultusse van die omgewing. Hier is die aanbidding van die maagdelike godin vermeng met die vrugbaarheidskultus van Cybele die moedergodin van Sirië (Clayton 1990:68). Die tempelkompleks staan ook op die plek waar die Anatoliese vrugbaarheidsgodin in die 12e eeu vC aanbid is. Artemis het die primitiewe kenmerke behou en is dikwels op munte met baie borste en soms ook by 'n dadelboom uitgebeeld (vgl Douglas 1978:311, 380-382).

Aanvanklik was die hoof van die kultus 'n ontmande priester, maar is later vervang deur 'n hoëpriesteres. Die priesterlike organisasie het 'n groot aantal vroulike en manlike amptenare ingesluit. Mans en vroue het op gelyke wyse aan die rituele en feeste deelgeneem. Die christene was duidelik bewus van die kompetisie wat hulle van hierdie kultus gekry het (Hd 19:23-41).

In Handeling 19:27b staan "...en die gevaar is ook dat die tempel van die groot godin Artemis sy betekenis sal verloor en dat sy van haar grootheid berowe sal word, hierdie godin wat in die hele provinsie Asië en oor die hele wêreld vereer word". Hierdie beskrywing van Artemis word bevestig deur die baie inskripsies wat haar grootheid besing asook die feit dat baie landstreke haar beeld op hulle silwermunte gebruik het. Die tekens van die diereriem om haar nek en die magiese letters op haar septer demonstreer die superioriteit van die godin oor alle magte en bevestig haar as die koningin van die heelal (Perkins 1997:28). Dit toon die geldigheid van die aanspraak dat sy dwarsoor die wêreld beskou is as groots.

Hierdie agtergrond is vir ons belangrik vir die interpretasie van die brief aan die Efesiërs. In oënskou geneem, blyk dit dat Efese en die omringende streke (vgl Thurston 1998:18-21), 'n omgewing was waar die beeld en idee van vroue se betrokkenheid by godsdienstige sake asook die aanbidding van vroulike gode algemeen praktyk was: of dit die sinkretistiese Artemis kultus of Joodse vroue se leiding in die sinagoge of die christelike matron van huisgemeentes was, vroue was duidelik prominente godsdienstige figure. Of die brief wel spesifiek aan die Efesiërs gerig is, is 'n ope vraag. Daar is genoeg argumente om te glo dat die brief 'n algemene brief was wat soos die brief aan die Kolossense, in verskillende gemeentes voorgelees is (Kol 4:16). Geleerdes is ook van mening dat die brief wat nou aan ons bekend is as "Efesiërs" waarskynlik die rondgaande brief van die Laodisense is. Indien ons die brief met

die brief aan die Kolossense vergelyk, kom die inhoud merkwaardig ooreen en kan ons aanneem dat die brief wel vir die omgewing van Efese bedoel is.

Kyk ons na die denkmodel van Efesiërs teen hierdie agtergrond kan 'n motief vir die skrywer se vrees dat die gender hiërargie omver gewerp kan word (Vorster 2000:121), vind.

3.2 Die bedoeling van die skrywer

Dit is veelseggend dat die skrywer soveel klem lê op die mag en heerlijkheid van God in die makrokosmos. Wendland (1999:199-223) het uitvoerig aangedui hoe die tema van God se mag en krag op verskeie wyses en met verskeie terminologie in Efesiërs benadruk word.

Volgens die Christendom en Judaïsme is daar geen vroulike gode of hemel wesens wat deel van die makrokosmos uitmaak nie. Die heidense godsdienste het wel 'n uitgebreide pantheon van vroulike gode vereer. Artemis was die godin van die streek en sy het die onverdeelde lojaliteit van haar navolgers gehad. En dit is teen die agtergrond van die Artemiskultus wat ons die absolute magsvertoon van God moet bekyk. God word baie duidelik groter en magtiger as Artemis beskryf. Die skrywer doen moeite om aan te toon dat God die duistere magte aan Hom onderwerp het. Dit beteken dat Artemis geheel en al aan God onderworpe is. Die woning van God is nie deel van die wonders van hierdie duister wêreld nie, maar 'n onsigbare heilige tempel wat met die heiliges opgebou is (2:19-21).

Maar dit is veral in die mesokosmos wat die Artemiskultus vir die christelike gemeenskap 'n bedreiging ingehou het. Die kultus is die vermenging van die aanbidding van die maagdelike godin met die vrugbaarheidskultus van die moedergodin van Sirië. Die hoof van die kultus was 'n priesteres. Die priesterlike organisasie het 'n groot aantal vroulike en manlike amptenare ingesluit en mans en vroue het op gelyke wyse aan die rituele en feeste deelgeneem. Die christene was duidelik bewus van die kompetisie wat hulle van hierdie kultus gekry het en dit word weerspieël in Handeling 19:23-41. Daarby was die spore van Paulus nog vars in Efese. Ons het reeds vermeld dat hy meer toegeeflik ten opsigte van vroue deelname aan die gemeente organisasie was. Priscilla wat 'n medewerker van Paulus was maar wat onafhanklik opgetree en huisgemeentes georganiseer het, was self aktief in Efese (Hd 18:26). Sy was wyd onder die vroeë Christene bekend (Rm 16:4). Daarby is ook Rufina, die president van die Joodse sinagoge in Smirna bekend dat sy invloedryk was en verantwoordelik was vir die uitvoering van die sinagogale dienste, insameling van geld, asook preke en onderrig.

Dit is duidelik dat die gebied gewoonnd was aan aktief vroulike deelname aan godsdienstige aangeleenthede (vgl Kraemer 1992). Dit het egter nie net by deelname gebly nie. Vroue het inisiatief geneem en was godsdienstige leiers. Die reaksie van die skrywer dui daarop dat hy beangs was dat die gender hiërargie in die gemeente versteur word en dat die beheer in die gemeente handuit ruk. Dit het 'n groot gevaar vir die eenheid van die gemeente ingehou. Dit het ook die moontlikheid ingehou dat die heidense gebruike en gewoontes weer in die gemeente en deur die gelowiges beoefen sal word (vgl 2:1-3, 5:6-12)(vgl ook Hanson & Oakman 1998:24-25).

Die beste manier om die beheer in die gemeente weer in die hande van die patriarge te plaas, is dat die man weer sy "regmatige" plek as hoof van die vrou en van die huishouding inneem. Die verhouding tussen man en vrou, eienaar en slaaf en vader en kinders moet **geanker** wees in die skeppingsorde maar **gebaseer** op die patriargale publieke orde. Die vrou moet weer onder die beheer van die man staan en voldoen aan die kulturele vereistes van die tyd, ten spyte van die vryheid wat die christelike geloof en verlossing gebring het.

Wat die skrywer van die brief aan die Efesiërs vir ons wil sê is dat die man 'n geestelike wese en die vrou 'n kulturele wese is wat onder sy beheer moet staan.

4 VERTALINGSDILEMMA

Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n gendervertaling van die brief aan die Efesiërs nie 'n eenvoudige oefening is nie. Die brief is deur en deur 'n patriargale dokument wat gebaseer is op 'n patriargale hiërargiese strukturering van die huishouding, die christelike gemeente en die heelal. Hierdie struktuur van denke kan nie verander of aangepas word deur bloot persoonlike voorname van manlik na vroulik of meervoud te verander nie. Hierdie aanpassings of veranderings behoort in elk geval gedoen te word in hedendaagse vertalings. Maar daar behoort ook kant-aantekeninge aangebring te word om die androsentriese denke en patriargale strukture uit te wys en bekend te stel aan die leser. Dit is nie genoeg dat die uitleg en verklaring van Bybelse literatuur aan predikers oorge-laag moet word nie, omdat die meeste predikers self patriargaal ten opsigte van hulle Skrifbeskouing en hulle siening van die rol van die vrou in die gemeente en by die huis is. Vroue behoort die geleentheid gegee te word om hulleself in te lig ten opsigte van verskillende interpretasiemoontlikhede van Bybelse tekste.

5 DIE BETEKENIS VAN DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS?

In die lig van bogenoemde uiteensetting kan met reg gevra word: Het die brief aan die Efesiërs nog enige betekenis vir die hedendaagse mens en

spesifiek vir die vrou? Moet Efesiërs nie maar uit die Bybel gehaal en bloot as antieke literatuur gelees word nie? Dit is baie duidelik dat die verhouding tussen man en vrou nie meer op hierdie beginsels funksioneer of behoort te funksioneer nie. Orde reëlings in die gemeente en in die huishouding is nog steeds belangrik en dit bly die bydrae wat hierdie brief aan die Kerk lewer. Maar dit hoef nie deur 'n hiërargiese patriargale magstruktuur te geskied nie. In die hedendaagse samelewing bestaan daar ander maatreëls wat gebruik en toegepas kan word om ordelike funksionering van die Kerk en die christelike huishouding te verseker.

Literatuurverwysings

- Brooten, B 1982. *Women Leaders in the Ancient Synagogue*. Chico: Scholars Press.
- Clayton P 1990. *The Great Figures of Mythology*. Leicester: Magna Books.
- Douglas, J D 1978. *The New Bible Dictionary*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Elliott, N 1994. *The Justice of God and the Politics of the Apostle*. Maryknoll: Orbis Books.
- Hanson, K C & Oakman, D E 1998. *Palestine in the Time of Jesus. Social Structures and Social Conflicts*. Minneapolis: Fortress Press.
- Johnson, E E 1998. Ephesians, in Newsom, C A & Ringe, S H (eds.), *Women's Bible Commentary. Expanded Edition with Apocrypha*. Louisville: Westminster John Knox Press, 428-432.
- Kraemer, R S 1992. *Her Share of the Blessings: Women's Religions among Pagans, Jews and Christians in the Greco-Roman World*. New York: Oxford University press.
- Kreitzer, L J 1997. *The Epistle to the Ephesians*. Peterborough: Epworth Press.
- Osiek, C & Balch, D L 1997. *Families in the New Testament World. Households and House Churches*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Perkins, P 1997. *Ephesians*. Nashville: Abington Press.
- Roberts, J H 1984. Die Gevangenskapsbriewe, in Du Toit, A B (red). *Handleiding by die NT. Band V. Die Pauliniese briewe: Inleiding en Teologie*. Pretoria: NGK, 114-157.
- Schüssler-Fiorenza, E 1983. *In Memory of Her. A Feminist Theological Reconstruction of Christian Origins*. New York: Crossroad.
- Syreeni, K 2002. *Paul and Love Patriarchalism: Problems and Prospects*. A paper read at the Potchefstroom workshop on Sept 16-17, Unpublished.
- Thurston, B 1998. *Women in the New Testament. Questions and Commentary*. New York: Crossroad. Companions to the New Testament.
- Vorster, J N 2000. (E)mpersonating the bodies of early Christianity. *Neotestamentica* 34(1), 103-124.
- Wendland, E R 1999. Contextualising the potentates, principalities and powers in the Epistle to the Ephesians, *Neotestamentica* 33(1), 199-223.

Whiston, W 1981. *The Complete Works of Josephus*. Grand Rapids: Kregel Publications.